View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)

# VERANTWOORDELIKHEID: 'N ETNIESE BENADERING*

J.H. van Wyk

***ABSTRACT***

*The author deals with the concept of responsibility ("verantwoordelikheid"). He breaks the word up into component parts and then deals with each of these separately and ultimately in conjunction. These can be roughly summed up in terms of man being the questioned being (the questions being set by God). Man has to 'respond', being a 'homo respondens', and this response has to be done in love and in faith. Man also has to act in a manner that is responsive to the demands made: that is, to be involved in and with other people and issues. Man has to justify his actions, his life.*

*This leads, then to 'responsibility' - and in this context there can be personal responsibility and co-responsibility. Man does not exist for himself only, and in line with this the issue of social ethics is becoming more and more important.*

*The motif of co-responsiblity is further examined in terms of issues such as responbile, parenting, responsible conservation of nature, a responsible society. Parents' responsibility in their children's institutions of learning is also touched upon. A final, example that he deals with is the idea of a responsible church. He closes with a reiteration of the idea that living responsibly in all spheres of existence constitutes our calling and God's injunction to us.*

* Uitgebreide en verwerkte teks van 'n voordrag voor 'n saamtrek van Gereformeerde Susters op Klerksdorp op 10 Maart 1984.

## INLEIDING

Dit was die filosoof Viktor Frankl wat gesê het dat die Amerikaanse volk nie net 'n *Statue of Liberty* aan die Ooskus moet oprig nie maar ook 'n *Statue of Responsibility* aan die Weskus.[1] Amerika moet as 't ware deur die twee prinsipes van vryheid en verantwoordelikheid geflankeer word. Hiermee is 'n baie belangrike gesigspunt na vore gebring, naamlik dat vryheid en verantwoordelikheid karperde is en dat as een daarvan verontagsaam word, dinge skeefloop.

In hierdie voordrag spits ons ons veral toe op die tema van *verantwoordelikheid* en ontwikkel ons gedagtes betreffende die volgende begrippe: woord, antwoord, verantwoord, verantwoordelikheid, eieverantwoordelikheid en medeverantwoordelikheid.

## WOORD

Die opvallende is dat die woord *verantwoordelikheid* nêrens in die Bybel voorkom nie. In Bybelvertalings kom dit wel voor maar dan as vertaling van die Griekse woord *apologie*. Tog moet ons sê dat die *saak* waarom dit gaan, volop in die Skrif voorkom - soos ons weldra sal sien.

Die kernbegrippe waaruit die woord *verantwoordelikheid* saamgestel is, is: *woord* en *antwoord*. Die mens word bevra en hy moet daarop reageer: hy moet daarop antwoord. Die groot vraag is: Wie stel die vrae (en watter soort vrae word gestel)? Kom die vrae van die medemens, die gewete, die natuur, die geskiedenis, die wêreld, die tegniek, die situasie? Waarvandaan - en van wie - kom die vrae?

Natuurlik kom die vrae vanuit verskillende oorde op die mens af. En tog moet ons sê dat daar eintlik net een groot Vraesteller is, naamlik *God*. Hý gee immers die opdragte aan die

[1] Vergelyk Havenga, Patti. 1982. Viktor E. Frankl. Lantern, 53. Apr.

mens én ook die gawes en talente om daardie opdragte uit te voer en Hy eis verantwoordelikheid. Die mens moet in laaste instansie antwoord op die vrae wat Gód stel.[2]

In die Skrif ontmoet ons God as die lewende en die sprekende en die kommunikerende God. Hy is die God wat ook aan die mens vrae stel.

Dwarsdeur die Bybel word die mens bevra.

Aan Adam: Waar is jy (Gen. 3.9)?
Aan Eva: Wat het jy nou gedoen (Gen. 3:13)?
Aan Kain: Waar is jou broer Abel (Gen. 4:9)?
Aan Elia: Wat maak jy hier, Elia (1 Kon. 19:3)?
Aan Jona: Waarom is jy kwaad (Jona 4:4)?
Aan die dissipels: Wil julle nie ook weggaan nie (Joh. 6:67)?
Aan die gereinigde melaatse: En waar is die nege (Luk. 17:17)?
Aan Judas: Vriend, waarvoor is jy hier (Matt. 26:50)?
Aan Petrus: Het jy my waarlik lief (Joh. 21:16)?
Aan Saulus: Saul, Saul, waarom vervolg jy My (Hand. 9:4)?

En dan natuurlik die grootste vraag van alle tye: Wie is die Seun van die mens (Matt. 16:13-14)? Wat dink julle van die Christus (Matt. 22:42)? Hier moet die mens antwoord wat hy van die vleesgeworde *Woord*, Jesus, dink. Die mens moet antwoord op die woorde en dade van God. Hy moet antwoord

[2] Vergelyk Barth, Karl. 1959[3]. Die kirchliche Dogmatik II 2. Zürich: Evangelischer Verlag. A.G. Zollikon, p. 713 en verder (daarom is verantwoordelikheid 'n term slegs van die Christelike etiek, sê Barth); Stoker, H.G. 1956. Praktiese Calvinisme. Potchefstroom : Pro Rege, p. 28; Troost, A. 1976. Geen aardse macht begeren wij. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn, p. 32, 39 (idem in: The Christian ethos. Bloemfontein : Patmos, 1983, p. 130-147).

op die woorde en gebooie van God in die Heilige Skrif, maar hy moet heel in die besonder antwoord op God se verlossingsdaad in Christus. So word ons lewe 'n antwoord op die lewe van Jesus Christus,[3] waar alle selfregverdiging uitgesluit is en waar die liefde sentraal staan. God en mens verkeer in 'n kommunikasiesituasie, en God roep ons op tot navolging van Christus.[4] So word ons antwoord 'n antwoord van *geloof in* en *navolging van* Christus.

God stel die vrae, en die mens is die antwoorder. Mag die *mens* dan nie ook vrae stel nie, selfs aan God? Alte seker. Die Bybel is ook daarvan vol. Waarom is daar sonde en lyding? Waarom ly goeie mense en leef slegtes lekker? Selfs: Waar is God? En: Hoe lank nog? Maar uiteindelik is die mens die deur God bevraagde. Natuurlik kom daar ook uit elke *situasie* 'n appèl en uitdaging tot ons, maar dan mag ons nooit vergeet nie dat daaragter God die eintlike Vraesteller is.[5]

As Gód nie bestaan nie, is alles geoorloof, het Dostojewski tereg gesê.

Daar is diegene (veral eksistensialiste) wat beweer dat die mens nie wesentlik *antwoorder* is nie maar *vraer* en dat sy hele lewe bestaan in aldeur maar vrae stel (outokwarisme).[6]

3 Vergelyk Bonhoeffer, D. 1966[7]. Ethik. München : Chr. Kaiser Verlag, p. 236 en verder.

4 Lehamann, Paul L. 1963. Ethics in a Christian context. London : Billing & Sons, p. 299.

5 Troost, Geen aardse macht, p. 41. Vergelyk ook Rossouw, H.W. 1981. Die sin van die lewe. Kaapstad : Tafelberg.

6 Vergelyk Stoker, H.G. 1967. Oorsprong en rigting I. Kaapstad : Tafelberg, p. 168.

Geen wonder nie dat as die vrae nét deur die mens self gestel word, daar dan nooit 'n oplossende - en verlossende - antwoord gegee kan word nie.

Vir die eksistensialis, Sartre, beteken verantwoordelikheid dat die mens vir al sy dade *self* verantwoordelik is; hy kan nie God (se predestinasie) of iemand anders blameer nie, want dit sou juis 'n vlug *uit* die verantwoordelikheid wees. Die mens is outonoom. As God bestaan, is die mens nie meer totaal verantwoordelik vir sy lewe nie, of soos Simone de Beauvoir sê: As God nie bestaan nie, dan is alle menslike tekortkominge vir eie rekening.[7]

ANTWOORD

God is die Vraesteller en die mens is die antwoorder, het ons gesê. Die mens is 'n antwoord-wese, 'n *homo respondens*[8] sodat daar in die etiek al selfs van die teorie van *responsisme* en van verantwoordelikheidsetiek (Max Weber) gepraat word.[9]

7 Vergelyk Bakker, R. & De Graaf, J. 1982$^{2}$. Wijsgerige Ethiek van de twintigste eeuw: Hoofdlijnen in het huidige denken over mens en moraal. Utrecht : Bijleveld, p. 89-92. Binkley, L.J. 1969. Conflict and ideals: Changing values in Western society. New York : Von Nostrant, p. 175. (By Kierkegaard gaan dit veral om die keuse van morele verantwoordelikheid teenoor indifferentisme.)

8 Vergelyk Troost, Geen aardse macht, p. 27. Maar dit is nie identies aan: "Ek antwoord, daarom is ek" (F. Heinemann), by Troost, a.w., p. 27.

9 Vergelyk Roscam Abbing, P.J. zonder jaartal. Oriëntatie in de theologische wetenschap. Kampen: Kok, p. 113; Rendtorff, Trutz. 1980. Ethik I. Stuttgart : Kohlhammer, p. 73-74; (vervolg op bladsy 340)

Fundamenteel moet die mens die Godsvraag eerste beantwoord: Glo jy of glo jy nie? Hierdie eerste antwoord beïnvloed álle verdere antwoorde wat die mens gee. Ons het genoem dat die medemens, die situasie, die samelewing ensovoorts ook vrae aan die mens stel, maar die antwoorde op hierdie tweede vrae word wesentlik bepaal deur die mens se eerste antwoord op die genade van God in Christus. As hy God vertrou, Hom liefhet en respekteer, sal hy Hom ook wil gehoorsaam. As sy eerste antwoord korrek is sal sy tweede antwoorde (liefde tot die naaste, bewaring van die natuur, geregtigheid in die samelewing) kan slaag.

Van die mens word verwag om in *geloof* te antwoord - op God (Rom. 14:7-8). Hy moet in *liefde* antwoord - op God en die naaste (Mark. 12:29-31).

Hy kán natuurlik verskillende antwoorde - selfs vragenderwys - gee soos:

- Ek is bang (Gen. 3:10).
- U is die Christus (Matt. 16:16)!
- Na wie toe sal ons gaan (Joh. 6:68 en verder)?
- Ek het U waarlik lief (Joh. 21:15 en verder).
- Here, wat wil U hê moet ek doen (Hand. 9:6)?

Ons weet dat die gebroke verhouding tussen die mens en God (die *sonde*) veroorsaak dat die mens nie sy skuld en onverantwoordelikheid erken en bely nie maar hom eerder self verontskuldig en ander beskuldig (Gen. 3:12 en verder).[10]

(vervolg van bladsy 339)
P. Engelhardt in: Handbuch der Christlichen Ethik III. Basel : Herder Freiburg, p. 476-487; De Graaf, J. 1974². Elementair begrip van de Ethik. Amsterdam : De Erven Bohn, p. 40 en verder. (Sou Stoker dalk van sy gedagtes oor verantwoordelikheid (by sy leermeester Max Scheler, wat baie oor hierdie tema geskryf het, gekry het? - vergelyk De Graaf, Elementair ethiek, p. 41).

[10] Vergelyk J. Gründel in: Handbuch Ethik III, p. 155.

Die sonde[11] maak dat die mens nie antwoord nie of nie rég antwoord nie.

## VERANTWOORD

Die mens word gevra om te antwoord - maar antwoord hy reg, dit wil sê is sy antwoord *verantwoord*? Met ander woorde *beantwoord* ons antwoord aan die vraag wat gestel word?[12] Die mens se antwoord kan reg of verkeerd, goed of sleg, positief of negatief wees.

Die mens behóórt die regte antwoord te gee, soos die barmhartige Samaritaan byvoorbeeld, maar hy kan - in onverantwoordelikheid - die verkeerde antwoord gee op die vraag van die gewonde en soos die priester en Leviet verbystap.[13] Die mens behoort ja-te-doen, maar hy kan nee-doen. Hy behoort ook die juiste antwoord op die Godsvraag te gee, maar hy kan in ateïsme of agnostisisme sy rug na God draai en *nee* antwoord. Nog gevaarliker is die *ja-nee*-antwoord. (vergelyk Matt. 21:28-32).

Om *verantwoord* te handel beteken dus om die régte antwoord te gee op die vrae wat God (en die mens, die natuur, die samelewing) aan ons stel. Maar *wanneer* antwoord iemand nou reg en handel hy verantwoord? As hy hom hou aan 'die letter van die wet'? Sou ons die tronkbewaarder prys wanneer hy die slotte gesluit hou terwyl die gevangenis afbrand? Iemand antwoord reg en handel *verantwoord* wanneer hy die regte

[11] Vergelyk Thielicke, H. 1965$^{3}$. Theologische Ethik I. Tübingen : Mohr (Paul Siebeck), p. 465-480.

[12] Vergelyk Stoker, Oorsprong en rigting I, p. 171 en sy Praktiese Calvinisme, p. 28; verder Rendtorff in: Handbuch Ethik III, p. 117-129.

[13] Vergelyk Roscam Abbing, Oriëntatie, p. 113-114.

norme op die regte wyse in die regte situasie toepas.[14] Dan gaan dit nie om 'n 'gewetenlose wettisisme' nie maar 'n sensitiewe afweeg van argumente onder die verligtende leiding van die Gees van Christus. Dan gaan dit om ware *betrokkenheid* by wat gebeur.

Daarom beskik die verantwoordelike mens meesal oor 'n fyn ontwikkelde *gewete*. Hy voel hom onmiddellik deur (die Woord van) Gód in sy gewete aangespreek wanneer hy 'n verkeerde antwoord gee en dus onverantwoordelik optree. As met "ek kan dit nie voor my gewete verantwoord nie" bedoel word "ek kan dit nie voor God verantwoord nie", moet dit as 'n uiters waardevolle morele rigtingwyser verwelkom word. 'n Rekbare gewete is 'n gevaarlike ding, en gewetenloosheid is 'n allerergste misdaad. Juis daarom is dit so nodig dat voorsiening gemaak word vir mense met gewetensbesware teen byvoorbeeld militêre diensplig sodat hulle 'n ander soort gemeenskapsdiens kan verrig. "Die gewete is die monitor van morele keuses".[15]

In die beroemde gelykenis van die 'talente' in Luk. 19 (vergelyk Matt. 25) vind ons 'n uitnemende illustrasie van verantwoorde en onverantwoorde optrede. Tien manne kry tien goue geldstukke. Die opdrag is duidelik: Dryf handel! Maar op 'n dag kom die koning terug, en dan moet elkeen hom verantwoord oor wat hy met sy geld gemaak het. Twee antwoord dat hulle uitstekend gewoeker het: die een het tien en die ander vyf geldstukke opgelewer. Hulle word dan ook pragtig beloon: die een word burgemeester van tien en die ander van vyf stede!

[14] Vergelyk Rendtorff in: Handbuch Ethik III, p. 118, 123.

[15] Rossouw, Die sin van die lewe, p. 32.

En dan die derde slaaf: hy het net mooi niks met sy geld gewaag nie, dit nie eens in die bank geplaas nie maar eerder in 'n doek gebêre. Waarom? Was hy dom of lui of nalatig? Hy beantwoord self hierdie vraag: Ek was bang vir God (vers 21)! Hierdie man was 'n valse *konserwatis* (van die Latyn: *conservo* = bewaar, *conservatio* = bewaring) wat op die opdrag van God uit vrees met niksdoen probeer antwoord. So 'n vreesagtige, krampagtige antwoord is 'n onverantwoorde (-like) antwoord.

Om jou te antwoord beteken dus nie net (1) om te *reageer* nie maar beteken ook (2) om *rekenskap te gee* (van wat jy uit die hand van die Here ontvang het). Die mens is immers *aanspreek-lik!*

Die mens moet altyd bereid wees om verantwoording (apologie) te doen, sê die Skrif (1 Petr. 3:15). Hierdie apologie kan gerig wees op Christene (1 Kor. 9:3) of ook op nie-Christene (Hand. 15:16), ja, op élkeen wat van ons rekenskap eis oor die hoop wat ons koester (1 Petr. 3:15). Hierdie verantwoording het dus 'n getuiende en missionêre inslag en is nie bedoel om die evangelie ooit te bewys of redelik aanvaarbaar te maak nie. Dit word ook met versigtigheid en beskeidenheid gedoen. Die ware Bybelse apologie is dus ver verwyderd van die sekulêre apologie, waar verdediging en verskoning die hoofsaak is.

Dit is haas nie nodig om hier by te voeg dat die verantwoorde lewe nie 'n ,menslike prestasie is nie maar 'n Goddelike gawe (vergelyk HK 3:8, 23:60). God stel die vraag én Hy gee - deur ons heen - ook die goeie antwoord! 'n Verantwoorde lewe is 'n deur die Heilige Gees beheerste lewe.

VERANTWOORDELIKHEID[16]

Die mens wat die regte antwoord gee op die vrae van God, handel verantwoord en dra dus verantwoordelikheid. Die mens is verantwoordelik, dra verantwoordelikheid en moet verantwoording doen.

Iemand "wat die verantwoordelikheid op hom neem", soos dit in die volksmond heet, is iemand wat bereid is, nie maar net om ŉ gegewe situasie fatalisties te aanvaar of om eenmaal in die toekoms rekenskap af te lê nie maar om veral midde-in die hede die nypende vrae op te vang en daarop sinvol te reageer. Vanweë die gebrokenheid van die lewe en die ondermynende deurwerking van die sonde sal dit nodig wees om in nuwe tye nuwe antwoorde te gee. Nuwe tye met nuwe vrae vra immers om nuwe antwoorde. Die vraag na paaie en brûe word anders beantwoord in die eeu van trein en motor as in die eeu van perdekar en ossewa.

Om verantwoordelikheid te dra beteken onherroeplik om beslissings te neem en keuses te maak (Matt. 6:24, Luk. 15:18) - om betrokke te wees. Wie op ŉ brandende skip nie ŉ keuse wil maak nie, word deur die seegolwe verswelg. Juis dit maak die lewe so heerlik - en vir ander so deprimerend! - om daagliks verantwoordelikheid te kan dra, om (in beskeidenheid) te antwoord op die duisende vrae wat elke dag in steeds wisselende situasies gevra word.

Hoe menslike verantwoordelikheid en Goddelike voorbeskikking en voorsienigheid met mekaar gerym gehoort te word is ŉ vraag wat nie aan die mens gestel word nie maar wat

16 Vergelyk Stoker, H.G. Praktiese Calvinisme, p. 29; Geesink, W. 1931. Gereformeerde Ethiek I. Kampen : Kok, p. 510.

die mens uit homself vra.[17] Dit moet, in die lig van die Skrif waar die mens nie konkurrent van God is nie maar 'medewerker' (1 Kor. 3:9), as 'n valse probleemstelling tersyde gelê word.

Die verantwoordelikheid wat die mens dra, kan nou verder as eieverantwoordelikheid en medeverantwoordelikheid beskou word.

## EIEVERANTWOORDELIKHEID

Die Here God stel aan die mens vrae ten opsigte van Homself (Joh. 14:1 en verder), sy medemens (Gen. 4:9), die (heiden-) samelewing (Jona 4:11), maar ook ten opsigte van die mens self. Hy moet antwoord op die vraag of hy in God en Christus glo en of hy Hulle liefhet. Hy moet ook antwoord op die vraag wat hy met sy eie lewe maak.[18] Hy moet aan God antwoord of hy homself gaan dood en of hy *selfmoord* gaan pleeg.[19] Hy moet antwoord of hy gaan versoek dat *genadedood* (eutanasie) op hom toegepas moet word. Hy moet sê of hy van *aborsie* gebruik sal maak of nie. Hy moet sê of hy aan lewensgevaarlike sportsoorte (byvoorbeeld *solorotsklim*) gaan deelneem. Hy moet antwoord of hy sy gees en liggaam as kosbaar beskou en dit gaan oppas of verwaarloos. Hy moet antwoord op die vraag na begrafnis of verassing en orgaanskenking.

[17] Tereg by Stoker, Praktiese Calvinisme, p. 30-31. Vergelyk Jacobs, P. 1937. Pradertination und Verantwortlichkeit bei Calvin. Neukirchen : Maers.

[18] Vergelyk slegs Heyns, J.A. 1970. Die nuwe mens onderweg: Oor die tien gebooie. Kaapstad : Tafelberg, p. 174-189, Rendtorff, Trutz, 1981. Ethik II. Stuttgart : Kohlhammer, p. 38 en verder.

[19] Vergelyk W.J. Aalders hieroor in sy Handboek der Ethiek. Amsterdam : Uitgewers Holland, 1947², p. 176.

Dit is waar dat die beroemde woorde in Ps. 31:16 ("My tye is in U hand") vir ons nog altyd van besondere betekenis is. Daar is in 1961 selfs 'n dagboeke (by Pro Rege-Pers, Potchefstroom) met ongeveer hierdie titel uitgegee. Hoe besonders hierdie woorde ook al mag wees, mag ons egter nie die ander veelseggende uitspraak in die Psalms vergeet nie: "My lewe is altyddeur in my hand", waarop dan volg: "nogtans vergeet ek u wet nie" (Ps. 119:109). Die Psalmis bring tot uitdrukking dat wie sy lewe vir die diens van God waag, 'n gevááriike lewe lei met talle risiko's daaraan verbonde (vergelyk Rigt. 12:3; 1 Sam. 19:5; Joh. 15:20; 2 Tim. 3:12). Natuurlik kán 'n mens op verkeerde en onbybelse en dus onvertoorde wyse sy lewe in sy hand neem, byvoorbeeld deur te veel drank, rook, pille of deur roekelose motorbestuur, maar hy mág nie, hy moet hom aan die wet van God hou, hy moet hom oriënteer na die voorbeeld van Christus, wat nie sy lewe genéém het nie (Matt. 4:5-7) maar gegéé het (Joh. 3:16). Die gesegde dat "die Here alleen diegene help wat hulleself help", is sekerlik te veel humanisties getint. Maar tog mag ons nooit die versorging deur God en die verantwoordelikheid van die mens teen mekaar uitspeel nie. Die Here God gun aan die mens groot spelruimte, maar nogtans mag hy nie doen wat hy wil nie: hy moet alleen dit doen wat God van hom verwag, wat die Woord van hom vra, wat Christus van hom eis. Die verlore seun moet *opstaan* en na die vaderhuis terugkeer (Luk. 15:20).

Iemand wat 'n besonder swaar aksent op persoonlike verantwoordelikheid gelê het, is die profeet Esegiël. In sy tyd was die volgende gesegde in omgang: "Die vaders het groen druiwe geëet en die tande van die kinders het stomp (grillerig) geword" (Eseg. 18:2; so ook in Jer. 31:29). Die kinders bedoel dan hiermee dat hulle pá's die eintlike sondaars is en dat hulle as kinders dus verkeerdelik met ballingskap gestraf word. Esegiël maak egter onomstootlik duidelik dat elkeen persoonlik vir sy sonde en slegte dade verantwoordelik is (18:4,20). Dit is onsinnig om jouself te probeer verontskuldig en iemand anders te beskuldig. Indien God wél die kinders sou straf, tot in die derde en vierde geslag selfs, dan is dit omdat daardie kinders ***volhard*** op

die sondige pad wat die vaders ingeslaan het (Ex. 20:5).

Elke mens dra dus 'n persoonlike (eie-) verantwoordelikheid, wat niemand van hom kan wegneem nie. God stel aan elke mens unieke en persoonlike vrae waarop uiteindelik net hý moet antwoord. Ook hier geld dat hierdie eie vrae slegs in die lig van die (ook vleesgeworde!) Woord en onder leiding van die Gees van God behoorlik beantwoord kan word.

## MEDEVERANTWOORDELIKHEID[20]

Bestaan die mens net vir homself of bestaan hy ook vir ander? Is hy, met ander woorde, ook medeverantwoordelik - vra sy medemens, natuur, die maatskappy? Beklemtoon die profeet Esegiël dan nie sowel persoonlike verantwoordelikheid (hoofstuk 18) as ons verantwoordelikheid vir mekaar nie (3:8; 33:5)?

[20] Vergelyk hier onder andere Neues evangelisches Sozialexikon. Stuttgart: Kruez-Verlag. $1969^{6}$, 931-937 (W. Mann & P. Abrecht), p. 1278-1282 (O. Hammelsbeck); Floor, F. 1974. Die koninkryk van God en die vernuwing van die maatskappy. Potchefstroom: Pro Rege, p. 58-78; Wendland, H-D. $1971^{2}$. Einführung in die Sozialethik. Berlin : Walter de Gruyter, p. 134-138; H-D. Wendland in: Christian social ethics in a changing world. New York : Association Press, $1967^{4}$, 135-152; Velema, W.N. 1969. De Kerk in de Sociale Ethiek (In Woord en Kerk. Amsterdam: Ton Bolland, 119-152); Banning, W. zonder jaartal, 3, Inleiding tot de sociale Ethiek, Wassenaar : Servire, p. 81-84; Brunner, E. $1939^{4}$. Das Gebot und de ordnungen: Entwurf einer protestantisch-theologischer Ethik. Zürich : Zwingli-Verlang, p. 277-292; Von Kjell-Ove Nilsson. Okt. 1980. Hat die Kirche eine gesellschaftliche Verantwortung? Zeitschrift für Evangelische Ethik. 24(4): 258-275; (uitgebreid) Bock, Paul. 1974. In search of a responsible world society. Philadelphia : The Westminster Press. Evangelism and Responsibility: An Evangelical Commitment. (The Grand Rapids Report.) 1982. Exeter, U.K. : Paternoster. (Vergelyk ook Jonas, Hans 1979. Das Prinzip Verantwortung: Versuch einer Ethik für die technologische Zivilisation; Weischedel, G. 1933. Das Wesen der Verantwortung.)

Vroeg in die geskiedenis van die mens moet hy die vraag beantwoord: "Waar is jou broer Abel" (Gen. 4:9)? Die antwoord is 'n wedervraag: "Is ek my broer se wagter" (Gen. 4:9)? Die implikasie is duidelik: ek het niks met my broer te doen nie. Individualisme en independentisme begin dus baie vroeg!

Christus bring hierin 'n radikale verandering. Hy neem juis die las en nood van ander op Hom. Hy stig 'n kerk waar mense mekaar se laste kan dra en so die wet van Christus kan vervul (Gal. 6:2). Die liefde soek immers nie sy eie belang nie (1 Kor. 13:5) maar vra ook na die belange van ánder (Fil. 2:4). Dit is onmoontlik - en ook immoreel - vir mense om individualisties te lewe. Om mens te wees is om interafhanklik te wees, om medeverantwoordelik te wees. Die radikale vryheid van die liberalisme (en kapitalisme), waar medeverantwoordelikheid onderbeklemtoon word, is aan die Christelike etiek vreemd. Daar is immers nie net 'n vryheid-ván-ander nie maar ook 'n vryheid-vir-ander - om die vrae van die ander te beantwoord. Die mens *bestaan* nie net nie (eksistensie), maar by bestaan ook *saam* met ander (koëksistensie) en veral ook *vir* ander (proëksistensie).[21] Daarom is woorde soos ***vennootskap*** en ***koöperasie*** deel van ons daaglikse woordeskat. Daarom word die ***sosiale etiek*** al hoe belangriker en noodsaakliker, omdat juis hier geworstel word met die groot wêreldvraagstukke soos 'n kernoorlog, hulpbronne-uitputting, omgewingsbesoedeling, bevolkingsontploffing en hongersnood.

Kom ons kyk nou na 'n paar van hierdie terreine waar die motief van medeverantwoordelikheid 'n belangrike rol speel.

21 Vergelyk Degenaar, J.J. 1976. Moraliteit en politiek. Kaapstad : Tafelberg, p. 34-43.

Daar word byvoorbeeld gepraat van *verantwoordelike ouerskap*, en dan word spesifiek verwys na die vraag van die aantal kinders in ŉ huwelik, met ander woorde die vraag van geboortereëling. Dra die man en vrou hier geen (mede-) verantwoordelikheid nie? Mag hulle van bepaalde middele gebruik maak? Die antwoord op die vraag na die aantal kinders word dan veral in die volgende rigting gesoek, waarin terdeë aan die (mede-) verantwoordelikheid van die mens vasgehou word: daar moet nie na die minimum aantal gestreef word nie, ook nie na die maksimum nie maar na die optimum aantal, dit wil sê soveel kinders as wat in ŉ gegewe situasie wenslik en verantwoord is.[22]

Vanselfsprekend behels verantwoordelike ouerskap veel meer as net kinderverwekking. Hierop volg immers die ganse groot opvoedingsproses met al sy baie verantwoordelikhede.[22.1]

ŉ Tweede voorbeeld: *verantwoordelike natuurbeheersing*[23]. Die mens het nie net die opdrag ontvang om die natuur te beheers en te bewerk nie maar ook om dit te bewáák (Gen. 1:28; 2:15). Hy is medeverantwoordelik vir wat in die

[22] Vergelyk Gezinsvorming: enige uitspraken van de generale synode van Groningen 1963-'64 nader toegelicht. Kampen : Kok, 1964, p. 50; De Bruy, P.J. sonder jaartal. Die Christen en geboortereëling. Potchefstroom : Pro Rege Pers, p. 20; Heyns, Die nuwe mens onderweg, p. 199; Van Wyk, J.H. 1971. Etiek in ŉ eeu van tegnologie en tegnokrasie. Potchefstroom (ongepubliseer), p. 69 en verder.

[22.1] Vergelyk my artikel "Die godsdienstige voorbereiding van die kind" in die Gereformeerde Vroueblad, Okt. 1980:11-14.

[23] Vergelyk my artikel "Etiek en Ekologie", wat in die Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Calvinisme, Februarie 1974, 40: 38-49 verskyn het; W. Kluxen in Handbuch Ethik III. p. 407-411ŉ Wildbolz, E. 1978. Mensch und Tier in einer produksionsorientierten Gesellschaft - ein Thema christlicher Ethik. Zeitschrift für Evangelische Ethik, 22(1):15-20. Jan.

skepping en natuur gebeur. Juis die sondeval het dit skerp onderstreep. Iemand het opgemerk dat "die mens nie baas is *oor* die aarde nie maar *op* die aarde".[24] Ook die skepping praat ŉ taal (Ps. 19:2-5) waarop die mens in verantwoordelikheid moet antwoord. Ook die skepping kraak onder die vrag van die sonde, en ook die skepping verlang na die dag van vernuwing (Rom. 8:18 en verder). Die natuur is wel nie God of selfs goddelik nie maar tog Gód s'n, waaroor die mens rentmeester is. Daarom getuig alle omgewingsbestrooiing, lugvervuiling en waterbesoedeling van ŉ hoogs onverantwoordelike optrede. Onoordeelkundige ontbossing en uitroeiing van wilde diere kan ewe-eens bevraagteken word. Natuurskending (deur middel van paaie en uitgrawings) en oorbeweiding (dink aan die ontsaglike gronderosie) is onverantwoord. Gee die mens nie hiermee verkeerde antwoorde op die vrae wat die natuur - nee, God! - aan hom stel nie?

ŉ Derde voorbeeld: *ŉ verantwoordelike samelewing*. Hieroor is daar die laaste aantal jare in kerklike en teologiese kringe wêreldwyd besonder baie besin. Daar is gevra na ŉ verantwoordelike herstrukturering[25] van die samelewing op die basis van vryheid en verantwoordelikheid, geregtigheid en ordelikheid, versoening en solidariteit. Demokratisering en medemenslikheid was die in-woorde. Institusionalisme het in die slag gebly. Daar is gevra na die beste politieke en ekonomiese orde, na demokrasie of outokrasie, na sosialisme of kapitalisme.

Dit sou dwaas wees om te meen dat daar uit hierdie sosiale kookpot niks goeds vir die mensdom gebore is nie. Ook die Franse Revolusie met sy vryheid, gelykheid, broederskap was nie sonder seën nie,[26] al was dit ŉ gemengde seën.

[24] Barth, K. 1969[3]. Die kirchliche Dogmatik III 4. Zürich: Ev. Verlag AGZ, p. 399.

[25] Vergelyk Wendland in: Christian social Ethics, p. 136.

[26] Vergelyk Berkhof, H. 1965[2]. De leer van de Heilige Geest. Nijkerk : Callenbach. p. 113 asook sy Christelijk Geloof. Nijkerk : Callenbach. 1973;230, 439-440.

Die Skrif roep die kind van God op om ook in die samelewing verantwoordelik te lewe (Matt. 5:13-16; Fil. 2:15; Titus 2:12). Nie net as los individue nie maar ook as sáme-lewing, as vir-mekáár-lewing. Daarom is Bybelse motiewe soos onder andere vryheid en geregtigheid van fundamentele betekenis vir 'n verantwoordelike maatskappy en is rassisme, onderdrukking, onreg en slawerny euwels wat hand en tand bestry moet word.

Politieke raad en universiteitsraad, topbestuur en hoofraad, mielieraad en koringraad ensovoorts is nie onveranderlike groothede nie. Dit kan steeds omgebuig en verander word om beter diensbaar te wees en om beter aan bepaalde doelwitte te beantwoord.

Belangrik is ook dat (mede-) verantwoordelikheid nie net aanvaar en gedra moet word nie maar ook, wanneer nodig, tóégestaan moet word, byvoorbeeld in die politiek.[27] Die konsekwensie hiervan is natuurlik dat die man wat medeverantwoordelik word, ook medeseggenskap sal kry.[28] In die RSA ontstaan dan die vraag of mense wat burgerlike verpligtinge nakom, soos byvoorbeeld om (al meer) belasting te betaal, permanent van burgerlike regte uitgesluit kan word.[29]. Wie medeverantwoordelik is vir die land se inkomste, moet ook vroeër of later medeseggenskap in die landsregering ontvang.

27 Vergelyk Wessler, R. sonder jaartal. Sosiale Etiek. Kaapstad : Teologiese Seminarie van die Evangeliese Broederk in S.A.: p. 56.

28 Troost, Geen aardse macht, p. 53.

29 Vergelyk hoofartikel van die dagblad Beeld, 26 Jan. 1984:14.

ŉ Baie belangrike aspek van ŉ verantwoordelike samelewing raak die *ouerbetrokkenheid by die skool*. Ouers is kragtens hulle doopbelofte médeverantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders. Opvoeding is nie in die eerste plek die taak van die onderwyser of die staat nie. Vandaar die ideaal, nié van staatskole en ook nie van kerkskole nie maar van staatsondersteunende ouerskole waar ouerverenigings ŉ belangrike inset kan lewer.[30]

Nog ŉ aspek van ŉ verantwoordelike samelewing wat in ons tyd besondere aandag ontvang, is dié betreffende die oorlogvraagstuk en veral dan ŉ *kernoorlog*. Mag die mens daarvoor verantwoordelikheid aanvaar, ook vir die *gevolge* van so ŉ oorlog?[31] - want ook vir die gevólge van sy dade bly die mens aanspreeklik! Wie sal bereid wees om die verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar dat hierdie aardbol soos ŉ handgranaat ontplof? Is dit dan nie ŉ totaal verkeerde antwoord op die bevel van God om hierdie wêreld op te bou en woonbaar te maak nie (Jes. 45:18)? ŉ Kernoorlog is ŉ "gekroonde dwaasheid", het iemand tereg gesê. Ons kan byvoeg: gekroonde onverantwoordelikheid. In die aangesig van ŉ dreigende kernoorlog moet ons daarom besonder gevoelig wees vir die gewetensnood van gewetensbeswaarde militêre-diensweieraars.

En nou ŉ laaste voorbeeld: ŉ *verantwoordelike kerk*. Die kerk dra medeverantwoordelikheid vir die hede en die toekoms - die evangelie moet suiwer bewaar en deurgegee word - na binne en na buite. Na binne dra gelowige ouers die verantwoordelikheid van die doopbelofte van hulle kinders; predikante, ouderlinge, diakens en lidmate dra ver-

30 Vergelyk Schutte, B.C. en Scholtz, I.P. sonder jaartal. Ouer, u kind! Potchefstroom : Pro Rege.

31 Vergelyk Winter, In: Handbuch Ethik I (1978), 501 en breedvoerig in my Etiek van vrede: ŉ Teologiese etiese evaluering van die Christenpassifisme. Stellenbosch : Cabo.

antwoordelikhede ten opsigte van evangelieverkondiging, doopbediening, maaltydviering, erediens, pastoraat en kategese.

Voeg hierby nog die roeping en verantwoordelikheid betreffende die jong kerke, die Afrikaanse en Engelse en Roomse kerke. Die kerke is - in leer en lewe - medeverantwoordelik vir die verduistering of verheldering van die evangelie, of mense nader getrek word na God of verder weggedryf word. As elke méns vermaan moet word (Kol. 1:28), dan tog ook elke kérk (vergelyk 1 Tim. 4:13). Hier kom ook die groot sonde van kerklike verskeurdheid en die dringende roeping tot kerklike eenheid ter sprake. Hoe kan die kerke byvoorbeeld met die wêreld praat as hulle dit uit verskillende (mekaar weersprekende) monde doen?

Hiermee is dan die roeping en (mede-) verantwoordelikheid van die kerk na buite, in die wêreld en in die politiek, aan die orde gestel.[32] Dit bevat myns insiens 'n drieërlei aspek: *profeties*,[33] naamlik evangelisering van die mensdom en kritisering waar daar sonde in die samelewing is; *priesterlik*, naamlik voorbidding vir owerheid en onderdaan; *koninklik*, naamlik diens aan 'n mensdom in nood. So is die kerk dan die *sout* vir die aarde en *lig* vir die wêreld (Matt. 5:13-16).

En so is die kerk dan in verantwoordelikheid diensbaar aan die koms van die koninkryk van God, wat die geheim van die geskiedenis van die wêreld is. Die koninkryk van God, en hierdie koninkryk alleen, is die groot bestemming waarna die mensheid op weg is.[34] Wanneer hierdie perspektief

[32] Vergelyk Trillhaas, W. 1965[2]. Ethik. Berlin : Alfred Töpelmann, p. 125, 130; Bonhoeffer, Ethiek, p. 344 en verder.

[33] Vergelyk Bonhoeffer, Ethik, p. 372.

[34] Troost, Geen aardse macht, p. 36.

by ons verdwyn en hierdie verwagting taan, verval ons in volslae pessismisme en nihilisme. Maar so lank as wat hierdie begeerte nog brand, leef ons in hoop en antwoord ons in hoop. Ons is immers gered in hoop (Rom. 8:24)!

## SLOT

Om verantwoordelik te lewe, dit wil sê om te ántwoord en om rég te antwoord, persoonlik en in die huwelik, in die samelewing en in die kerk, aan God en aan die medemens, dit is ons roeping en opdrag. Eendag sal ons rekenskap en verantwoording moet doen van alles wat ons reg en verkeerd gedoen het en nagelaat het om te doen. Hoe heerlik sal dit nie wees om 'n getroue dienskneg bevind te word nie! Nié in eie krag nie maar om Christus wil!